Pentarrhinum insipidum

E: African heartvine

A: Donkieperske

D: Seidenwinde

Nou in Aprilmaand kan ons die ranker *Petarrhinum insipidum* in struike, bosse, bome en draadheinings sien pronk. As hulle nie opklimplek kry nie, groei die ranke oor gras en ander kort plante.

Pragtige klein meerkleurige blommetjies staan vrolik tussen hartvormige heldergroen, gladde blare (Engels heartvine), en as jy dit beseer, tree ‘n wit plantsap (lateks) uit. Hoewel ‘n mens moet oppas vir plante met lateks, -baie daarvan is giftig - , word van hierdie een stingels en blare graag rou of gekook in groot dele van Afrika geëet. Selfs die nogal groot vrugte vir so ‘n fyn plant word rou ↗ of gaar genuttig. Die vrugte lyk ietwat soos knobbelrige wilde komkommers .

Wanneer dit ryp is, droog dit uit, bars oop en stel syagtige saadjies vry.

Behalwe om dit te eet, word dit ook medisinaal gebruik, bv. deur die Ovaherero-mense. Hulle kook wortels en reinig die derms van knoppies d.m.v. die inname van die aftreksel. (Wat die knoppies presies is, weet ek nie; dalk uitgroeisels, dalk parasiete, dalk aanpaksels)

Hierdie kewers hou **baie** van die blommetjies en kan gewoonlik daarop gesien word, sodra die blomme oopgaan. Hulle naam is *Lycus trabeatus (Tailed net-winged beetles),*ek dink (vir ‘n rede) links is die wyfie en regs die mannetjie, maar dis ook moontlik dat hulle by hierdie soort in breedte kan verskil.

Vir liefhebbers van tuinmaak met inheemse plante sal dit die moeite werd wees om hierdie rankplant in die tuin te hê, dis meerjarig, dis interessant en mooi en dit lok insekte aan.

Inligtingsbronne:

Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
Updated (2004) Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Teks en fotos: Anka Eichhoff April 2018